**Die etiese en estetiese dimensies van Breyten Breytenbach se aspirasie om Afrika te verbeel**

**Alwyn Roux**

**Opsomming**

Hierdie referaat ondersoek die representasie van "verbeelde Afrikas" in die werk van Breyten Breytenbach van 1987 tot 2014, met besondere aandag aan die wisselwerking tussen sy filosofiese essays, sy historiese betrokkenheid by die Gorée-instituut in Dakar, en die uitbeelding van Afrika in sy gepubliseerde digbundels uit dié periode.

Die projek steun op drie ondersoeksbene. Eerstens word die historiese konteks van die Gorée-instituut ontleed, insluitend Breytenbach se rol in die stigting daarvan na die Dakar-ontmoeting van 1987. Tweedens word sy filosofiese essays – veral "Imagining Africa" (2005) en "Imagine Africa" (2007) – krities geëvalueer om die betekenisse van "Afrika" en "verbeelding" na te spoor. Derdens word gedigte uit bundels soos *Nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde* (1993), *Die windvanger* (2007) en *Katalekte* (2012) gelees as poëtiese verkennings van 'n kontinent wat nooit finaal onder woorde gebring kan word nie – 'n Afrika wat juis in sy skynlike afwesigheid produktief bly.

Die uitganspunt van die referaat is dat Breytenbach se "verbeelde Afrikas" as etiese én estetiese projekte funksioneer: die verbeelding van die kontinent word 'n daad van morele weerstand teen vereenvoudiging en sy digterskap staan in gesprek met 'n wyer tradisie van postkoloniale Afrikaskrywers onder andere in die *Imagine Africa*-antologieë.

Alwyn Roux